



# NG Kerk van Transvaal: Predikante en Amptenare Pensioenfonds



15 Julie 2021

Aan: Alle Deelnemende Werkgewers van die NG Kerk van Transvaal

Geagte Werkgewer

## Omsendskrywe 4 van 2021: POPI Wet

U sinode is behulpsaam om hierdie omsendskrywe te versprei.

Hierdie skrywe word gerig aan alle werkgewers (deelhebbers) van die NG Kerk van Transvaal en wat deelneem aan die Predikante en Amptenare Pensioenfonds.

POPI Wet en skribas, saakgelastigdes, menslike hulpbronne bestuurders en ander lede wat toegang het tot die Retirementfundweb

In omsendskrywe 2 van 2021, is daar kortliks verduidelik wat die POPI wet behels en dat die bestuurskomitee van u fonds, reeds aan die vereistes wat deur die Sanlam Sambreel Pensioenfonds voorgeskryf word, voldoen.

Ek het ook genoem dat die sogenaamde “operateurs” ook aan die vereistes wat voorgeskryf word, moet voldoen. ‘n Operateur word soos volg omskryf: *‘n Deelnemende werkgewer is ‘n operateur wanneer fondsinligting deur die Sambreelfonds aan die deelnemende werkgewer beskikbaar gestel word of aan enige van die Fonds se verteenwoordigers gegee word.* Elke deelnemende werkgewer het ‘n persoon wat via die web, inligting ontvang en oordra aan die Sambreelfonds. Daardie persoon is gewoonlik die skriba of finansiële beampte van ‘n gemeente of kerklike instelling.

Wanneer fondsinligting deur die operateur aan Sanlam gegee word, of andersom, word dit beskou as persoonlike inligting en daarom onderworpe aan die POPI wet. Operateurs moet dus alle redelike stappe neem om te verseker dat die integriteit van die data, beskerm word en om te verhoed dat data gekorrupteer word of wegdraak. Verder moet sodanige operateurs verseker dat hulle:

- Ten alle tye voldoen aan die verpligtinge van wetgewing,
- Om data te gebruik vir doel waarvoor hulle gemagtig is,
- Onmiddellik die Inligtingsbeampte in kennis te stel indien data gekompromitteer is, hoe hierdie databreuk bestuur is en wat gedoen is om die situasie reg te stel,
- Die stelsels wat hul gebruik om fondsdata te stoor, oor te dra, te prosesseer, verwyder of gewysig word of andersins gebruik om die dienste te lewer, ten alle tye voldoen aan wetgewing,
- Verseker dat hulle die nodige prosesse en maatreëls in plek het om persoonlike inligting te beskerm sodat hulle beskerm is teen virusse, eksterne stelsel-aanvalle en soortgelyke risiko’s,
- Waar moontlik en waar nodig, data by ‘n eksterne perseel te stoor wat die risiko van fisiese vernietiging van data verminder,
- Waar moontlik en waar nodig, die nodige wagwoorde en brandmure in plek het,
- Waar moontlik en waar nodig, om kuberruim versekering in plek te sit,
- Geen inligting sonder die nodige toestemming, aan ‘n land buite die grense van die RSA gegee/gestuur word nie.

NG Lynnwood Sussexlaan 439, Lynnwood

GPS: S25°45.96 E28°15.93

E-pos : [theo@pensioene.co.za](mailto:theo@pensioene.co.za);

Tel : 012 342 0415

‘n Deelnemende Fonds aan die Sanlam Sambreelfonds

Almal van u het toegang tot die web as deelnemende werkgewer. Omdat u hierdie toegang het, werk u met u lede se data (persoonlike inligting) en daarom is bogenoemde wetgewing op u van toepassing. Die *retirementfundweb* en daarom Sanlam, voldoen reeds aan die vereistes - ook die fonds se konsultante (Simeka) en ander diensverskaffers. U as operateur moet dus redelike stappe neem, soos hierbo uitgespel, om aan wetgewing te voldoen.

Ons besef dat sommige van die maatreëls hierbo uiteengesit, nie moontlik is nie of selfs nie nodig is binne gemeente-verband nie. Nogtans is dit belangrik dat u die vertroulike aard van persoonlike inligting besef en daarvolgens u handeling rig. Ek wil graag die volgende praktiese vertolking van die wetgewing gee:

- Moenie u wagwoord aan 'n ander persoon gee wanneer u die gemeente/instansie verlaat nie.
- Moenie 'n voordeelstaat aan u bestuurder of kerkraad gee indien die betrokke lid nie die skriftelike toestemming daarvoor verleen het nie.
- Moenie enige salarisinligting aan 'n persoon gee wat nie daartoe gemagtig is nie.
- Indien nie reeds in plek nie, bekom 'n anti-virus pakket vir u rekenaar en sorg dat die brandmuur nie op sy laagste verstelling is nie. (As die brandmuur se verstelling te hoog is, gaan dit baie eposse as "scam" lees en sal u selfs nie toegang kry op "goedgekeurde" webwerwe nie).
- Gebruik die jongste vorms op die web wanneer u 'n fondsgebeurtenis moet laai. Hierdie vorms is gedateer "July" en het die nodige POPI-vrywaring op.

Alles van die beste en dankie vir u samewerking!

*TP Smith*

**TP SMITH: PENSIOENBESTUURDER**